



## **CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT:</b>	AFRIKAANS HUISTAAL P2
-----------------	-----------------------

### **1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE**

#### **VRAAG 1**

- 1.1 Die leerder moes die woordkeuse en beeldspraak ontleed om die reaksie van die twee kleuters te kon bespreek. Hulle moes ook die woordbetekenisse geken het om die vraag te kon beantwoord. Direkte aanhalings uit die gedig is egter ook aanvaar.(LU2 AS4).
- 1.2 Min kandidate het hierdie vraag aangedurf. Kandidate moet aangemoedig word om hierdie langvraag te probeer. Omdat direkte aanhalings uit die gedig aanvaarbaar is, is dit eintlik 'n maklike vraag. Die vraag het die kandidate slegs na strofe 3 gelei. Die aantal woorde waaruit hierdie vraag moes bestaan, het dit eintlik onmoontlik gemaak om die vraag te beantwoord. Na die memobespreking is strofe 7 se inligting egter ook aanvaar.

#### **VRAAG 2**

- 2.1 Leerders moes ontleed hoe die word 'n die betekenis van die titel(LU2 AS4.2.5) beïnvloed. Moes dus weet die onbepaalde lidwoord maak die titel universeel.
- 2.2 Leerders moes hier die verskil tussen die letterlike en figuurlike betekenis van Die inhoud van die gedig kon onderskei. Hier moes hul gese het waарoor die gedig letterlik handel.(LU2 AS4.2.5)
- 2.3 Hier moes leerders geweet het waar die figuurlike betekenis in die gedig begin raak gelees kon word. Die word *kol / wete* het die figuurlike betekenis ingelei.(LU2 AS4.2.5)
- 2.4 Leerders moes bekend gewees het met die term *simboliek* en dus die figurlike betekenis van die gedig geken het.(LU2 AS4.2.5)
- 2.5 Leerders moet weet dat eenlettergrepige woorde die ritme beïnvloed en hier spesifiek bydrae tot die hortende ritme wat die soektog van die persoon aandui.(LU2 AS4.2.6)
- 2.6 Die leerder moes die stylfiguur, sinekdogee, ken en herken.(LU2 AS2.7)
- 2.7 Herkenning van strofebou(LU 2 AS4.2.6)

- 2.8 Die leerder moet vertroud wees met die stylfiguur, *enjambement*, en wee twat die funksie daarvan is.(LU2 AS4.2.6)
- 2.9 Die leerder moet die term *progressie* ken en hy moes dit dan in die gedig herken (LU2 AS2.1)

Oor die algemeen het die leerders goed in die vraag gedoen. Al die leeruitkomstes en assessoringsstandaarde is duidelik in die NKV aangedui. Leerders kon beter gevaaar het as hul vertroud was met die funksie van *enjambement* en die invloed wat eenlettergrepige woorde op die ritme van die gedig het.

### **VRAAG 3**

- 3.1 Die leerder moet hier uit die woordkeuse kon aflei dat die aangesprokene 'n eertydse geliefde is.(LU2 AS4.2.5)
- 3.2 Die leerder moes hier geweet het watter ander word kan aansluit by *verflenterde* en *versplinterde* (LU2 AS4.2.5).
- 3.3 Kennis van beeldspraak is hier getoets.(LU2 AS2.7)
- 3.4 Die tipe beeldspraak word hier gegee. Die leerder moes eenvoudig verduidelik wat hierdie beeldspraak beteken.(LU2 AS2)
- 3.5 Die leerder moes die term *suggestie* ken en in die woorde kon raak lees.(LU2 AS4.2.5)
- 3.6 Leerders moes vertroud wees met die begrip *progressie* en dit dan kon verduidelik aan die hand van die gegewe woorde. (LU2 AS4.2.6)
- 3.7 Leerders moes die betekenis van *tyd uit my hande gely* kon interpreter.(LU2 AS4..2.5)
- 3.8 Leerders moes die woorde se funksie in die spesifieke reëls verskaf. (LU2 AS4.2.6)

Hierdie was 'n gewilde vraag by die leerders. Seker omdat dit al in die provinsiale en verlede jaar se nasionale vraestel voorgekom het. Die leerders lees egter die vrae nie versigtig genoeg nie. By vraag 3.8 word die **rede** vir die gebruik van die twee woorde gevra, nie die verduideliking/betekenis van die twee woorde nie. So ook by vraag 3.4. Die leerders het verduidelik wat 'n metafoor is i.p.v. om die metafoor in r 7 te verduidelik. Leerders het ook nie die progressie by vraag 3.6 verduidelik nie. Hulle het slegs die woorde wat gegee is, herhaal. Hulle moes daarby uitkom dat die herinneringe beweeg van die onduidelike/algemene na die duidelike/spesifieke.

### **VRAAG 4**

- 4.1 Die leerders moes in staat wees om die woordbetekenis op leterlike vlak te gee.(LU2 AS4.2.5)
- 4.2 Die leerders moes in staat wees om die woordbetekenis op figuurlike vlak te Gee.(LU2 AS4.2.5)
- 4.3 Leerders moes woordbetekenis herken.(LU2 AS4.2.5)
- 4.4 Leerders moes bekend wees met die stylfiguur *paradoks*, dit kon herken en Verduidelik(LU2 AS2.7)

- 4.5 Die leerders moes in staat wees om die funksie van punktuasie te kon gee.(LU2 AS4.2.6)
- 4.6 Leerders moes wee tom die ironie te verduidelik, moet hul by beide kante van die saak uitkom(LU2 AS2.7)
- 4.7 Die leerder moes hier die betekenis van die frase geken het.(LU2 AS4.2.5)
- 4.8 Die leerder moes die tema in die slotsom herken het.(LU2 AS4.2.5)

Minder leerders het hierdie vraag beantwoord. Die vrae was egter maklik en die meeste van die leerders wat hierdie vraag gedoen het, het goed daarin gedoen. Om een of ander rede het kandidate die letterlike en figuurlike betekenis (4.1 & 4.2) gaan omruil. By vraag 4.4 kon die leerders nie net r.1 so aanhaal nie. Hulle moes verduidelik wat die paradoks beteken. Leerders moet geleer word dat die antwoord ‘verduideliking volg, geen punte verdien nie. (vraag 4.5) Hulle moet sê watter verduideliking volg. By vraag 4.7 het die leerders gefokus op die worm. Die korrekte antwoord was: die dood wag vir almal/almal is verganglik.

### **VRAAG 5**

Die vraag was baie maklik om te beantwoord as die eerders die kapstokke gebruik het. Hulle kon die kapstokke met voorbeeld uit die gedig toegelig het. (LU2AS4.2.4.5)

Baie min leerders het egter die gedig gedoen. Die wat dit wel probeer het, het nog steeds nie ‘n inleiding en slot nie. Leerders moet onthou dat ook by die gedigte se langvraag moet daar ‘n inleiding en slot wees. Moedig die leerders aan om hierdie langvraag te probeer.

### **VRAAG 6**

- 6.1 Leerders moes hier verstaan wat bedoel word met die woord ontsluit. Verder moes hul die inhoud van die gedig ook verstaan het. (LU2AS4.2.5)
- 6.2 Die leerder kon die antwoord net so uit die gedig bekom.(LU2AS4.2.4)
- 6.3 ‘n Afleiding moes hier uit die gedig gemaak word.(LU2AS4.2.5)
- 6.4 Hierdie antwoord kon die leerder ook uit die gedig bekom(LU2 AS4.2.5)
- 6.5 Die leerders moes vertroud gewees het met die verskilende soorte rympatrone(LU2 AS4.2.6)
- 6.6 Die leerder moes die stylfiguur *ironie* geken het en ook geweet het dat jy ironie se beide kante moet noem.(LU2 AS2.7)
- 6.7 Die leerder moes hier heel eerste geweet het wat die tema van die gedig is en dan verstaan het wat met *taalvariant* bedoel word, alvorens hy ‘n antwoord kon formuleer.(LU2 AS2.8)
- 6.8 Die leerder moes hier raak gelees het dat die hoogtepunt van die gedig kom hier voor.(LU2 AS2.7)

Die taalvariant was vir van die kandidate vreemd. Daarom was die gedig vir hulle moeilik om te beantwoord. Die kandidate moet onthou dat hul nie enige punt vir ja/nee verdien nie. Dit gaan oor die motivering wat daarmee saam gegee word. (vraag 6.1)



*Ikamva eliqaqambileyo!*

Wanneer die rympatroon gevra word, kan die kandidaat slegs die patroon/ skema gee. Sodra gevra word om die rymsoort te **benoem**, moet die naam vertrek word. (vraag 6.5.) By vraag 6.6 moes die kandidate geweet het dat hul beide kante van die ironie moet noem. Daar verdien hul slegs volpunte of niks. Vraag 6.7 het probleme vir die leerders gegee. Sien die vraag ontleding hier bo.

## VRAAG 7

### LU 2 AS4.2.1

Die terme *aktualliteit* en *feminisme* het vir sommige leerders gepootjie. Daar was egter verskeie kandidate wat hierdie vraag pragtig beantwoord het-selfs wat volpunte verdien het! Leerders moet net onthou om nie die storie oor te vertel nie, maar die vraag te beantwoord. Daar is 'n pragtige verbetering wat die inleiding en slot betref, maar daar is nog steeds sentrums wat nie 'n inleiding en slot skryf nie. Indien na *die inleiding tot die studie van die roman* voor in die boek en ook na die vrae agter in die boek gekyk is, kon die leerders die vraag beantwoord. Blokboeke is nie noodwendig nodig nie.

## VRAAG 8

- 8.1.1 Die leerder het net nodig gehad om verworwe kennis weer te gee. (LU 2AS4.2.1)
- 8.1.2 Die leerder het net nodig gehad om verworwe kennis weer te gee. (LU2AS4.2.1)
- 8.1.3 Die leerder moes hier die karakter Iris geken het en die teksgedeelte kon interpreteer (LU2 AS4.2.2)
- 8.1.4 Indien dit reeds in die klaskamer genoem is dat Greta Iris se alter-ego is / 'n leemte in Iris se lewe gevul, kon die leerder die kennis net so weergee. Andersins sou hulle dit uit die teksgedeelte moes probeer aflei. (LU2AS4.2.2)
- 8.1.5 Die leerder het net nodig gehad om verworwe kennis weer te gee. (LU2!AS4.2.2)
- 8.2.1 Die leerder moes verworwe kennis weergee. (LU2AS4.2.1)
- 8.2.2 Die leerder moes die karakter Elsa ken en dan dié kennis weergee (LU2AS4.2.1)
- 8.2.3 Die leerder moes die karakter Elsa ken en dan die verworwe kennis weer= gee. (LU2AS4.2.1)
- 8.2.4 Kennis van die inhoud van die boek was hier noodsaaklik. (LU2AS4.2.1)
- 8.2.5 Blote inhoud van die boek moes hier weergegee word. (LU2 AS4.2.1)
- 8.3.1 Leerders moes die begrip *konvensies/konvensioneel* geken het voordat hul hierdie vraag kon beantwoord. Indien karakterisering van die karakter egter met leerders gedoen was, sou hierdie vaag nie problem verskaf het nie. (LU2AS4.2.1)
- 8.3.2 Die leerders moes bloot inhoud vanuit die boek gee. (LU2AS4.2.1)
- 8.3.3 Die leerder moes hier self 'n afleiding kon maak uit die gegewe teksgedeelte. (LU2AS4.2.1)
- 8.3.4 Hier is bloot die inhoud van die boek verwag. (LU2 AS4.2.1)
- 8.3.5 Kennis van beide karakters was hier noodsaaklik. (LU2AS4.2.1)
- 8.4.1 Inhoudelik kennis word gevrag (LU2 AS4.2.1)
- 8.4.2 Inhoudelike kennis word gevrag (LU2 AS4.2.1)



*Ikamva eliqaqambileyo!*

- 8.4.3 Hier moes die leerder 'n afleiding maak van wat 'n staatmaker is en dit dan in verband bring met Johanna se doen en late.(LU2 AS4.2.2)
- 8.4.4 Leerders moes Johanna se optredes kon Koppel aan karaktereienskappe wat hul ken.(IU2 AS4.2.2)

Uit die bostaande kan gesien word dat die kandidaat die inhoud van sy boek goed moet ken.Verder moet daar aandag aan karakterisering gegee word.(Soos in die NKV uiteengesit.)

Die leerders het vraag 8.1.2 geïnterpreteer as Eduard se verskyning in die aangehaalde teksgedeelte.Daar word eintlik verwys na waar hierdie karakter die eerste keer "geskep" is..Leerder het ook probleme ondervind om die afleiding in vraag 8.1.3 te maak.Vraag 8.2.3 kon weinig van die leerders korrek beantwoord. Dus kon hul dan ook nie 'n voorbeeld by 8.2.4 gee nie.Vraag 8.3.5 het die leerders net gesê *hulle het dieselfde belangstellings*. Leerders moet onthou dat die merkers niks mag "inlees" in 'n antwoord nie.Hulle moet volledig beantwoord : *Hulle deel 'n belangstelling in kuns*.Min leerders kon 'n optrede van Johanna vasmaak aan 'n spesifieke karaktereienskap.(vraag 8.4.4)

## **VRAAG 9**

### **LU2 AS4.2.1)**

Meer leerders het die langvraag van dié werk gedoen as die kontekstuele vrae. Leerders kon die feite vir die konflik noem,maar het nie altyd uitgekom by die oplossing van die konflik nie.As die leerders die inhoud van die boek geken het,kon hul die vraag met groot gemak gedoen het.Weer is daar nog leerders wat hul nie daaraan steur om 'n inleiding en slot te hê nie.

## **VRAAG 10**

- 10.1.1 Slegs inhoudelike kennis word verwag.(LU2 AS4.2.1)
- 10.1.2 Slegs inhoudelike kennis word verwag.(LU2 AS4.2.1)
- 10.2. Leerders kon een rede direk uit die aangehaalde gedeelte kry. Die ander twee moes hulle kon aflei uit hul verworwe kennis.(LU2AS4.2.1)
- 10.3.1 Slegs inhoudelike kennis word verwag.(LU2 AS4.2.2)
- 10.3.2 Slegs inhoudelike kennis word verwag.(LU2AS4.2.2)
- 10.4.1 Slegs inhoudelike kennis word verwag.(LU2 AS4.2.1)
- 10.4.2 Verworwe kennis word weer gegee.(LU2 AS4.2.1)
- 10.5 Die leerders moes hier die teks interpreteer om die twee redes te kon neerskryf(LU2AS4.2.2)
- 10.6.1 Leerders moes die twee karakters geken het en dan die verskil tussen die twee aangedui het.(LU2AS4.2.2)
- 10.6.2 Hier moes die leerders uit die boek die nodige inhoud by die karaktertrek sit.(LU2AS4.2.2)
- 10.7 Slegs die inhoudelike rondom die stamboom word vereis.(LU2 AS4.2.1)
- 10.8.1.Slegs kennis van die stamboom word hier vereis.(LU2 AS4.2.1)



- 10.8.2 Slegs inhoudelike kennis word verwag.(LU2AS4.2.2)
- 10.8.3 Slegs inhoudelike kennis word vereis(LU2 AS4.2.1)
- 10.9 Slegs inhoudelike kennis word verwag.(LU2 AS4.2.1)

In die Oos-Kaap is daar baie min skole wat hierdie prosawerk behandel.Vraag 10.6.2 se bewoording het sommige van die kandidate gepootjie.*Motiveer was dalk die verkeerde werkwoord om daar te gebruik*

## VRAAG 11

### **LU 2 AS4.**

Meer leerders het die langvraag as die kontekstuele vraag van dié werk gedoen. By die eerste kapstok het die leerders net een van die twee punte aangespreek: of hulle het oor die titel Vatmaar geskryf(die ontstaan van die nedersetting) of die lyding aangespreek.Min het by beide kante uitgekom.Die lyding van en vraagstuk van tant Wonne is goed beantwoord. So ook die derde kapstok.

## VRAAG 12

- 12.1 Slegs inhoudelike kennis word verwag (LU2 AS4.2.1)
  - 12.2 Slegs die inhoudelike kennis word verwag(LU2 AS4.2.1)
  - 12.3 Die leerder moes hier die inhoudelike van Ta Vuurmaak se begrafnis geken het, maar tog ook geweet het dat 'n tradisionele begrafnis toon die nodige respek vir jou kultuur. (LU2 AS4.2.2)
  - 12.4 Een van die twee feite kon die leerders direk so uit die inhoud van die boek weergegee het. Die tweede feit moes hul die afleiding uit die title en die gebeure in die boek maak.(LU2AS4.2.1)
  - 12.5 Die leerder moes deur die haneling van die karakters die afleiding maak dat dit nie rassisties is nie. (LU2AS4.2.1)
  - 12.6 Slegs inhoudelike kennis word verwag.(LU2AS4.2.1)
  - 12.7.1Die les uit die natuur moes die leerders kon aflei, maar die motivering was slegs inhoudelike kennis.(LU2AS4.2.2)
  - 12.7.2Slegs inhoudelike kennis (LU2 AS4.2.2)
  - 12.8 Slegs die inhoudelike word verlang.Wanneer die motivering gegee word,moet die leerder in staat wees om 'n afleiding te kan maak.(LU2AS4.2.1)
  - 12.9 Slegs inhoudelike kennis (LU2AS4.2.1)
  - 12.10 Slegs inhoudelike kennis(LU2 AS4.2.2)
  - 12.11 Leerders moes die term *stereotipering* geken het om die vraag te kon beantwoord.Verder moes hul die suggestie in die aangehaalde gedeelte kon verstaan/raak lees(LU2 AS \$.2.1.)
  - 12.12.1 Verworwe kennis word hier getoets.(LU2 AS4.2.1)
  - 12.2.2 Verworwe kennis wod hier getoets.(LU2 AS4.2.1)
- Die opdrag by 12.7.1 :Skryf EEN gemotiveerde feit neer was vir sommige leerders verwarrend. Daar moes bloot gevra word om 'n voorbeeld te gee.Die vraag by 12.12.1 en 12.12.2 oorvleuel en mag die leerders verwarr het.



## **VRAAG 13**

### **LU 2 AS 4.2.8**

Baie min leerders het die dramatiese struktuur geken. Dus het baie min leerders die kapstokke aangespreek..Indien hul die storie vertel het, moes dit dan in die volgorde van die dramatiese struktuur gewees het.Daar is nog steeds kandidate wat opskrifte maak. Hierdie kandidate word by die taal en struktuur gepenaliseer

## **VRAAG 14**

- 14.1.1 Leerders moes hier 'n afleiding maak vanuit hul agtergrondskennis dat die Cavernelisse uit die Kaapse Vlakte wil weg en dat Cavernelis baie hard daarvoor werk(LU2 AS\$.2.7)
- 14.1.2 Hier moes die leerders weer 'n afleiding maak n.a.v. hul kennis rondom die karakter van Cavernelis.(LU2 AS4.2.8)
- 14.2 Daar is twee van die feite wat net so uit die boek kom.Die ander moes die leerders aflei n.a.v. verworwe kennis van die drama(LU2 AS4.2.7)
- 14.3 Slegs inhoudelike kennis word getoets.(LU2 AS4.2.8)
- 14.4 Hier moes die leerder weer 'n afleiding/interpretasie maak n.a.v. kennis rondom die drama(LU2AS4.2.7)
- 14.5 Slegs inhoudelike kennis word getoets.(LU2 AS4.2.8)
- 14.6.1 Die leerder moes Maud se woorde interpreteer en dan sy verworwe kennis toepas op hoe die drama verder verloop het.(LU2 AS4.2.7)
- 14.6.2 Die leerder moes Maud se woorde interpreteer en dan sy verworwe kennis toepas op hoe die drama verder verloop het.(LU2 AS4.2.7)
- 14.6.3 Die leerder moes Maud se woorde interpreteer en dan sy verworwe kennis toepas op hoe die drama verder verloop het.(LU2 AS4.2.7)
- 14.7 Die leerders moes hier na die verloop van die drama gekyk het en dan die afleiding gemaak het dat sy bekommend is oor hul vriendskappe met die Blankes.(LU4AS4.2.7)
- 14.8 Slegs inhoudelike kennis word getoets(LU2 AS4.2.7)
- 14.9.1 Slegs inhoudelike kennis word getoets(LU2 AS4.2.8)
- 14.9.2 Die leerders moes hier na die verloop van die drama gekyk het en dan die interpretasie gemaak het.(LU2 AS4.2.8)
- 14.10.1 Slegs inhoudelike word hier getoets.(LU2 AS4.2.7)
- 14.10.2 Alhoewel dit inhoudelik is, moes leerders geweet het wat beteken *dekmantel* (LU2 AS4.2.7)

Baie leerders het hierdie kontekstuele vraag gedoen.Vraag 14.6 het die leerders verwar, omdat dieselfde antwoord eintlik by al drie geskryf kon word.

Die leerders moes hier die verhaal baie goed geken het, omdat hier interpretasie vrae was, asook afleidings wat gemaak moes word.



## **VRAAG 15**

### **LU 2 AS 4.2.8**

Baie min leerders het die dramatise struktuur geken. Dus het baie min leerders die kapstokke aangespreek..Indien hul die storie vertel het,moes dit dan in die volgorde van die dramatise struktuur gewees het.

## **VRAAG 16**

- 16.1 Die vraag was vir die leerders verwarrend. Hulle het nie presies geweet wat hier verlang word nie.Die antwoord wat hier verlang was,is:*Die gebeure speel op die laaste aand van Augustus af/ dit is die aand dat die meisies van die dorp gewoonlik verdwyn/hierdie gedeelte kom in die eksposisie voor.*(LU2 AS4.2.9)
- 16.2.1 Blote weergee van inhoud (LU2AS4.2.8)
- 16.2.2 Leerders moes die simboliek wat die sirkusliggies vir die twee karakters verteenwoordig, weergee.(LU2 AS\$2.8)
- 16.3 Blote weergee van inhoud (LU2AS4.2.8)
- 16.4 Die leerder moes die antwoord interpreter teen die agtergrond van die verhaal(LU2 AS4.2.7)
- 16.5 Die leerder kon al die betekenis van die titel hier gee.(LU2 AS4.2.9)
- 16.6 Toepassing van die karaktereienskappe op die aangehaalde gedeelte was hier nodig.LU2 AS4.2.7)
- 16.7.1 Indien stemming/atmosfeer met die leerders behandel is. Sou hul die vraag vanuit verworwe kennis kon benader.(LU2 AS4.2.8)
- 16.7.2 Weergee van verworwe kennis.(LU 2 AS4.2.9)
- 16.8 Karakterisering van die karakter – weergee van verworwe kennis (LU2 AS4.2.7)
- 16.9 Hierdie verwysing (r.13) was foutief en die leerders het die twee punte gekry.(LU2 AS4.2.9)
- 16.10 Die leerders moes die word *ongegrond* verstaan alvorens hul hierdie vraag kon beantwoord.Daarna kon hul slegs die antwoord weergegee het.(LU2 AS4.2.
- 16.11 Blote weergee van inhoud(LU 2 AS4.2.7)
- 16.12 Blote weergee van inhoud (LU2 AS4.2.7)
- 16.13 Leerders moes bloot hier die inhoud van die boek geken het. (LU2 AS4.2.7)
- 16.14.1 Blote weergee van inhoud(LU2 AS4.2.8)
- 16.14.2 Blote weergee van inhoud.(LU2 AS4.2.8)

Vraag 16.1 het die leerders verwaaie,aangesien hulle nie presies geweet het wat die vraag verwag nie. Die vraag kon dalk eenvoudiger/duideliker gestel gewees het.Daar moet baie klem gelê word op karakterisering. Dié leerders wat hul inhoud van die boek geken het,het goed gedoen in die vraag.



## 7. BIETJIE RAAD IN U ONDERRIG OM DIE KANDIDATE TE HELP:

### **GEDIGTE:**

Die NKV is baie duidelik oor wat presies met die leerders behandel moet word.Kyk veral na eenvoudige dinge soos: beeldspraak,stylfigure,simboliek en strofebou.Wys ook duidelik aan die leerders die letterlike vlak en figuurlike vlak van die gedig uit.Die funksie van punktuasie in 'n gedig is ook belangrik.Geen gedig kan begin word,alvorens die title nie verduidelik word nie.Wys aan die leerders uit dat progressie beteken *ontwikkelin/beweging/vooruitang*. Hulle kan dus nie net een word gee as daar vir progressie gevra word nie.Daar moet ten minste twee woorde in so 'n antwoord wees.By ironie moet leerders beide kant van die saak benoem. Die kandidaat verdien slegs volpunte of nul.Wanneer die antwoord vereis dat die leerder gaan sê '*n verduideliking volg*,moet hul uitbrei en sê watter verduideliking volg. Hule verdien geen punte net vir '*n verduideliking volg* nie.

Leerders moet aangemoedig word om ook die langvraag by die gedigte te probeer. Hulle moet egter onthou dat ook daar 'n inleiding en slot moet wees.

Die kandidate moet onthou dat hul nie enige punt vir *ja/nee* verdien nie. Dit gaan oor die motivering wat daarmee saam gegee word.( Wanneer die rympatroon gevra word, kan die kandidaat slegs die patroon/ skema gee.Sodra gevra word om die rymsoort te **benoem**, moet die naam verstrek word.

Leerders moet onthou dat die merkers niks mag "inlees" in 'n antwoord nie.Hulle moet 'n vraag volledig beantwoord

### **PROSAWERK EN DRAMA**

Die NKV is ook hier duidelik oor wat presies met die leerders behandel moet word. Baie min leerders het die dramatise struktuur van die drama geken.Lê ook klem op karakterisering en interpretasie.By die langvrae moet hulle waak om die storie net so te wil oorvertel.Indien hul die storie vertel ,moet dit in die chronologiese volgorde van die vraag wees..Daar is nog steeds kandidate wat opskrifte maak. Hierdie kandidate word by die taal en struktuur gepenaliseer

## 8. ENIGE ANDER KOMMENTAAR

Die vraag 1 het die kandidate slegs na strofe 3 gelei. Die aantal woorde waaruit hierdie vraag moes bestaan, het dit eintlik onmoontlik gemaak om die vraag te beantwoord.Na die memobespreking is strofe 7 se inligting egter ook aanvaar.

Indien leerders nie vraag 8.2.3 kon beantwoord nie, kon hul ook nie vraag 8.2.4 beantwoord het nie.

Die woord *motiveer* het die leerders by vraag 10.6.2 verwarr. So ook die vraagstelling van vraag 12.7.1.Vraag 12.12.1 en vraag 12.12.2 het oorvleuel en die leerders was onseker oor wat hul moet skryf.So ook 14.6.1 tot 14.6.3.

Manaka en Vatmaar se vrae was vanjaar baie makliker as in 2009.